MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 13/2025 **11 September 2025**

SKOOLSAKE

VANUIT DIE HOOF SE KANTOOR

Dis heerlike lente, die winter 's verby;
weer nooi berg' en klowe vir jou en vir my.
Hol-la-dri-o-ha, hol-la-dri-o.

GG Cillié

Die heerlike amper somerweer en die graad 10's wat vanoggend op Odyssey vertrek het, het my onwillekeurig aan hierdie liedjie uit my prille jeug laat dink. Ek glo elke graad 10-leerder gaan gedurende die komende nege dae die uitnodiging van die berge, veral die Iron Crown (die hoogste piek in Limpopo), met ope arms aanvaar. Dankie dat julle saam met ons hierdie Carpe Diem-moment omarm het. Ek hoop om elke graad 10-ouer volgende Vrydagmiddag met hulle terugkoms op die Bondev-pawiljoen te sien. Die graad 8's, 9's en 11's vertrek volgende Woensdag op hul onderskeie kampe, en ek glo hulle sal ook die natuur indrink en geniet.

Dit is met groot dankbaarheid dat ons na 'n baie bedrywige, tog uiters suksesvolle, kultuurkwartaal kan terugkyk. Die College se toneel, Melodia, orkes en revue was uit die boonste rakke. Baie geluk aan ons revue wat die medewenners van die 8-Beats-kompetisie was. Insgelyks het ons orkes geskitter en verlede Saterdag vir die eerste keer 'n A++ by die hoogaangeskrewe AKV-kompetisie verower.

Dankie aan almal wat verlede Saterdag die oggendmark, asook ons jaarlikse SpringFest ondersteun het. 'n Groot dankwoord aan die personeel van al drie skole wat dit moontlik gemaak het.

Ek bevestig verder dat almal daarvan bewus is dat die College môre (Vrydag) reeds om 12:00 sluit weens die Odyssey en verskeie sportaktiwiteite.

Die matrieks vorder goed met hul rekordeksamen en kan nie wag vir hul matriekafskeid op Saterdag 11 Oktober hier by die College nie. Ek wil verder al die matriekouers na ons finale ouer- en ghongfunksie op Woensdag 15 Oktober om 07:30 in die saal uitnooi. Gryp hierdie geleenthede aan om julle kinders vir oulaas by die skool te ondersteun en hulle College-loopbane te vier. Carpe Diem!

KLEREWINKEL

Die besigheidsure gedurende die vakansie is soos volg:

Datum	Ure
Vrydag 26 September	07:00 – 15:00
27 September – 8 Oktober	Gesluit
Donderdag 9 Oktober	08:00 – 16:00
Vrydag 10 Oktober	08:00 – 16:00
Maandag 13 Oktober	08:00 – 17:00
Dinsdag 14 Oktober	07:00 – 17:00

Vir dringende versoeke: WhatsApp of bel 064 937 0551

AKADEMIE		**Klik op die skakel vir akademiese inligting.**
SPORT		**Klik op die skakel vir sportuitslae.**
KULTUUR		**Klik op die skakel vir kultuuruitslae.**